# DIE VERHOUDING VAN DIE GODS-DIENSTE TOT MEKAAR. HOËR KONSEN-SUS, GODSDIENSEKUMENE EN DIALOOG VAN NADER BEKYK.

P. Verster[1]

## OPSOMMING

In hierdie artikel word die probleem van die verhouding van godsdienste tot mekaar van nader bekyk. Daar volg 'n bespreking van bepaalde modelle. Heinrich Ott staan maximum konsensus voor, Hans Küng godsdiensekumene en David J Bosch dialoog. Hierdie standpunte word in hierdie artikel beoordeel en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die versoening in Christus beslissend is vir die verhouding van die godsdienste tot mekaar. Ooreenkomste tussen die godsdienste bestaan wel omdat geloof in 'n opperwese van skeppingsweë moontlik is, maar die ware verlossing bestaan daarin dat die hart gerig word op God Drie-enig. Daarom staan al die godsdienste nie op een vlak naas mekaar nie en moet die Christelike evangelie steeds verkondig word.

## SUMMARY.

In this article the problem of the relationship among religions is assessed. Specific models are discussed. Heinrich Ott stands for maximum consensus, Hans Küng for religious ecumenism and Dawid J Bosch for dialogue. These viewpoints are judged and it is shown that reconcilliation is crucial to the relationship among religions. Similarities among religions do exist, because faith in a Supreme Being(Creator) is possible, but the true redemption lies in the fact that the heart is directed towards God the Trinity. Therefore all the religions are not ons the same level next to one another, and thus the christian gospel should still be proclaimed.

## 1 INLEIDING

In die gesprek rondom die teologie van die godsdienste is daar hernude belangstelling in die verhouding van die godsdienste tot mekaar (Du Preez 1985:86, Werblowsky 1987:55). Indien aansluiting van godsdienste bymekaar wel moontlik is, sou godsdienste inderdaad nou met mekaar kon skakel en sou dit ook moontlik wees om godsdienste onder bepaalde

1 Dr P Verster, Departement Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

omstandighede gelyk te stel. Wat die verhouding van die godsdienste tot mekaar betref, het Heinrich Ott rigting aangedui. Hy stel 'n bepaalde model, waarin daar na hoër konsensus gesoek word, voor. Hans Küng het 'n nuwe paradigma aangedui waarin godsdienste met mekaar in ekumeniese verband gebring word, terwyl David Bosch ook 'n nuwe paradigma voorstaan waarin dialoog beslissend meespeel. Prozesky (1991:40) het die sentrale vraagstuk waarop die teoloë grootliks reageer soos volg geformuleer: "...the real challenge is whether mainstream Christians can develop an intellectually, morally and spiritually defensible theology and praxis in full awareness of the empirical realities of humanity's plural religious heritage..."

## 2 STANDPUNTE

### *2.1 Heinrich Ott: Hoër konsensus.*

#### *2.1.1. Uiteensetting.*

Hoër konsensus in die teologie van die godsdienste beteken dat na gelyke grond tussen godsdienste gesoek word. Godsdienste word naas mekaar gestel en daar word gepoog om bepaalde ooreenkomste tussen hulle te vind. Die aanknoping word gevind in bepaalde gemeenskaplike grond wat met mekaar gedeel word. Daar word 'n duidelike beweging in die rigting van groter eenheid onder godsdienste bespeur.

Heinrich Ott het in die verband 'n belangrike bydrae gelewer. Sy uitgangspunt word gevind in die volgende stelling: "So wird der Christ in der Begegnung mit anderen Religionen nicht im voraus seine eigene christlich-teologische Theorie, seine vorgefasste Meinung (weder im abgrenzenden noch im harmonisierenden Sinne) über die Religiosität des anderen mitbringen, sondern dem Dialog seine Offenheit lassen. Es wird, wo er einer tiefen Frömmigkeit des Andersgläubigen begegnet, diese anerkennen und nicht als 'heidnisch' abwerten. Er wird unter Umständen sogar mit dem andern zusammen beten können, in der Vermutung, dass der eine Gott auch diesem begegnet und dass auch er auf seine Weise das ' unaussprechliche Geheimnis' verehrt" (Ott 1981:452).

Volgens Ott sou daar wel bepaalde gronde vir konsensus onder godsdienste bestaan(:452 en 1982: s.p). In 'n eerlike soeke na gelyke grond, word daar 'n aanknopingspunt by mekaar gevind; hierdie aanknopingspunt dien dan as aanknopingspunt om volledige aansluiting by mekaar te vind (1982:

s.p.). Elke godsdiens behou sy eie unieke en selfstandige aard en verander nie van wese nie. Dit bly bestaan in die werklikheid. Die betekenis van die verskillende godsdienste word egter duidelik daarin dat hulle mekaar komplementeer en aanvul in hulle bestaan teenoor mekaar (Vgl. Ott 1982: s.p.). Ott (Buri 1976:240-241) is egter versigtig om te reken dat alle godsdienste eenvormig is as sou hulle verlossingsgodsdienste wat wat verlossing uit 'n bepaalde staat van sonde of ellende veronderstel, wees. Daarom moet die betekenis van verlossing in die Christelike evangelie erken word. Dit beteken egter nie dat die eie bestaansreg van godsdienste wat ander sake beklemtoon nie erken word nie. Dit beteken ook nie dat daar nie júis vanuit hierdie oortuiging uitgereik word na die ander nie.

### 2.1.2 *Gevolgtrekking.*

Onderstaande word uit die beredenering van Ott wat van nader bekyk is gemaak:

1. Godsdienste is uniek maar nie onherleibaar nie.
2. Daar betaan gemeenskaplike grond waar die godsdienste wel in verband met mekaar gebring kan word en so ook in die soeke na konsensus by mekaar aansluiting kan vind.
3. Die hoër konsensus moet lei tot 'n nuwe verstaan van die waarde van godsdiens en die betekenis daarvan onder bepaalde omstandighede. Hierdie konsensus word weer getoets in 'n verdere soeke na konsensus. Daar bestaan duidelike ooreenkomste wat wel nagevors moet word. Wanneer konsensus gevind word lei dit tot verruiming en verdieping van die waarde van godsdiens.
4. Daar word gestrewe na 'n hoër waarheid. Die betekenis van godsdiens kom na vore in die hoër konsensus wat gevind word.

Hierdie benadering in die teologie van die godsdienste open die weg tot gesprek rondom die vraag na ooreenkomste en raakpunte. Daar word uitgegaan van die standpunt dat ooreenkomste wel bestaan en dat die waarheid gevind kan word in 'n proses waar na hoër konsensus gesoek word.

### 2.2 *Hans Küng: Godsdiensekumene*

Die tweede belangrike benadering word deur Hans Küng (1986:9) voorgestaan. Dit bestaan daarin dat daar gestrewe word na ekumene tussen die godsdienste van die wêreld. Onder ekumene word dan meer verstaan as bloot die vind van bepaalde ooreenstemming.

Wat is Küng se uitgangspunt?
Küng verduidelik dat daar afskeid geneem moet word van absolutisme en relativisme (:14). Godsdiensekumene is van net soveel belang as die vind van ooreenkomste tussen godsdienste as sodaning. Soos daar gestrewe moet word na die vind van eenheid onder die kerk moet daar ook na ekumene gestreef word onder die godsdienste. Dit beteken nie dat die eie aard en uniekheid van bepaalde godsdienste misgekyk word nie. Daar moet gepoog word om dialoog op 'n wye vlak te begin(:15). Die dialoog moet daarop ingestel wees om die punte van ooreenstemming te vind en om daarin ook die volle betekenis van die eie aard van die godsdiens te bevestig.

In die proses van dialoog streef Küng daarna om

1. Christelike selfkritiek toe te pas in die lig van ander godsdienste en
2. Christelike kritiek op die ander godsdiente te lewer in die lig van hulle eie boodskap waarby nie willekeurige nie maar gelykwaardige sake met mekaar vergelyk moet word (:15).

Hy wil versigtig by die gevaar van kortsigtige en selfingenome absolutisme verbystuur, hetsy van Christelike of byvoorbeeld Islamitiese kant. Absolutisme maak die eie waarheid los van die waarheid in ander godsdienste. Nóg 'n standpunt wat die godsdiens as eklusief beskou, nóg 'n standpunt waarin die godsdiens as superieur beskou word, moet voorgestaan en verdedig word(:16). Daar kan egter ook nie verwag word dat 'n standpunt van relativisme voortaan ingeneem moet word nie. Willekeurige pluralisme waar die onwaarhede bloot misgekyk word of indifferentisme waar bepaalde religieuse beweginge en oortuiginge van kritiek vrygestel word, is ook nie betekenisvol nie. So 'n standpunt lei volgens hom tot 'n laat-maar-loophouding waarin geen plek vir duidelike formulering en die ontleding van denke oorbly nie.

"Wat we nodig hebben is een dialoog met wederzijds geven en nemen, waarin dié diepste intenties van de godsdiensten moeten worden ingebracht: een kritische dialoog dus, waarin alle godsdiensten ertoe worden uitgedaagd niet eenvoudigweg alles te rechtvaardigen, maar het beste en diepste wat zij in zich bergen tot uitdrukking te brengen. Kortom, we hebben behoefte aan een dialoog in wederzijdse verantwoordelijkheid en in het bewustzijn dat wij allen de waarheid niet 'kant en klaar' in bezit hebben, maar op weg zijn naar de 'steeds grotere' waarheid(:16,17)." Om dit te bereik moet die dialoog konsentreer op idees leerstellinge en doktrines. Daar moet dus soveel moontlik van die ander geleer en te wete gekom word.

Hans Küng is van mening dat daar inderdaad gelyke grond bestaan en dat die godsdienste wel so in dialoog met mekaar in verband gebring kan

word, met die oortuiging dat daaruit bepaalde godsdiens-ekumene kan voortspruit. Hy toon aan dat die Christen nie alleenreg op die waarheid het nie (1986:11). Dialoog en getuienis sluit mekaar egter nie uit nie. Dit beteken ook dat van buite (" without") baie godsdienste die waarheid dien, maar van binne ("within") daar tog bely word dat, vir jou wat bely, die Christelike evangelie of ander godsdiens wat jy bely die waarheid is (:22). Die sentrale punt waarom dit gaan, is die soeke na humaniteit. "True humanity is the presupposition of true religion" (:22). Hy bevestig dat daar 'n sentrale vraag bestaan: "What is good for the individual" (Küng 1988:243). Godsdiens wat die goeie bevorder, moet ook die goeie vir die individu beskerm. Wanneer 'n bepaalde godsdiens dehumaniserend optree, is dit ontrou aan die ware aard van godsdiens (:248).

Die standpunt meen nie dat daar hoër konsensus gevind kan word nie, maar wel dat, met behoud van hulle eie selfstandigheid, godsdiente na mekaar kan uitreik om verskille te oorkom en eenheid te vind.

### *2.3 David J Bosch: Dialoog, kontinuïteit en diskontinuïteit*

David Bosch se uitgangspunt in die teologie van die godsdienste word beskryf as dialoog. Paul Knitter het die volgende werksdefinisie van dialoog verskaf. "Dialogue is the exchange of experience and understanding between two or more partners with the intention that all partners grow in experience and understanding" (soos aangehaal in Lubbe 1986:32). Rondom dié standpunt het Lubbe (1986:33) dit duidelik gestel dat dialoog veronderstel dat gelyke vennote optree: "If dialogue which will result in co-operation and respect is to take place, one has to recognise that it is a process which takes place between equals. This would mean that Muslims will have to be involved, not as a tolerated and marginalized group, but as a creative and dynamic component of society." Bosch sluit by hierdie standpunt aan.

Bosch stel dit duidelik dat daar sprake van kontinuïteit en ook diskontinuïteit tussen die godsdienste is (Bosch 1976:199,209). Dit kan ook uit die Skrif begrond word dat daar sprake van kontinuïteit en diskontinuïteit bestaan in die verhouding tussen godsdienste. God maak hom bekend met die name wat reeds bekend is onder die volkere, maar God sê ook dat daar geen ander gode voor sy aangesig mag wees nie.

In sy werk *Transforming Mission* (Bosch 1991:477e.v.) word dit duidelik gestel dat daar na dialoog tussen die godsdienste gestreef moet word. Drie wyses van strukturering kom voor, naamlik eksklusivisme, vervulling en

relativisme(:478) . Volgens hom moet daar eerder na eerlike dialoog gestrewe word (:483). In die eerlike dialoog word die verskillende sake op eerlike wyse met mekaar in verband gebring. Ten eerste moet die verskillende godsdienste se saambestaan aanvaar word (:483). Dit beteken dat daar nie op die vlak van die verskynsel van godsdiens reeds 'n oordeel oor bepaalde godsdienste gevel kan word nie. Ten tweede vereis dialoog dat partye hulle verbind aan die proses van dialoog (:484).'n Meerderwaardige houding van een van die partye moet steeds afgewys word. Ten derde moet dialoog gevoer word met die oortuiging dat God die Christen vooruit gegaan het in die ander godsdienste. Hy het die gemeenskap reeds voorberei en die groot werke van God is reeds sigbaar in die lewe van ander lewende gelowe (:484). Dialoog (en ook sending) is ten vierde slegs moontlik indien dit in groot afhanklikheid en in nederigheid gevoer word (:484). Ten vyfde moet dialoog en sending begrip hê daarvoor dat godsdienste binne hulle eie wêreld bestaan en om hulle eie asse wentel, eie vrae vra en eie antwoorde verskaf (:485). Dit beteken dat daar nie van buite 'n oordeel oor bepaalde godsdienste gevel mag word nie, maar dat hulle van binne beoordeel moet word. Sesdens moet aangetoon word dat dialoog nie sending vervang nie (:486). Sending bly belangrik maar dan nie in die sin van 'n eksklusiewe boodskap wat gebring word nie, maar eerder in die sin van 'n boodskap van heil wat ook saam met ander godsdienste gevind kan word. In die sewende plek beteken dit dus dat daar in die proses van sending nie voortgegaan kan word met die benadering van die verlede tot die godsdiens nie(:488). Bosch stel dit baie duidelik dat verlossing soos tradisioneel verstaan, nie 'n antwoord bied op die komplekse probleem van die verhouding van die godsdienste tot mekaar nie. Die boodskap van die Skrif is veel wyer as bloot die red van siele. Die boodskap van alomvattende verlossing moet egter steeds gebring word, maar dan in afhanklikheid en nederigheid - 'n boodskap wat verkondig word met volle oortuiging, maar dan steeds in afhanklikheid van God.

Ook belangrik vir die verstaan van Bosch ( 1979:221 en 239) se standpunt oor dialoog, is sy standpunt oor die kerk, naamlik dat die kerk die alternatiewe gemeenskap is. In *Heil vir die wêreld* (Bosch 1979:221) dui hy aan dat die kerk teenoor die wêreld staan. Die kerk is die gemeenskap wat getuig in die wêreld. Die kerk is die een wat die missio Dei voordra in die wêreld. Dit beteken egter nie dat die kerk eksklusief kan optree en ander godsdienste so benader nie, maar eerder dat die heil in Christus universeel verkondig moet word sodat die waarheid wat in ander godsdienste voorkom, ook uitgelig word.

# 3 EVALUERING

Hierdie verskillende standpunte moet geëvalueer word en die betekenis van die verskillende aspekte verdien aandag.

Ten eerste moet daarop gewys word dat 'n soeke na hoogste konsensus konsentreer op raakpunte tussen die godsdienste. Daar kan inderdaad waardering vir die eerlike soeke na konsensus en ooreenkoms wees. Die gevaar is egter ook groot dat daar in so 'n proses essensiële elemente prysgegee word. In die proses waarin bepaalde godsdienste na konsensus soek, kan dit gebeur dat daar ter wille van die konsensus en die poging om 'n hoër waarheid te bereik, verwag word dat sekere elemente wat skerp onderskeidend is, prysgegee moet word. Dit kan beteken dat die belydenis dat Jesus die enigste Seun van God is weens die aanstoot wat dit aan die Moslemgemeenskap gee, prysgegee moet word. In so 'n proses sal die waarheid nie gedien word nie. Skerp onderskeidende elemente moet uitgelig word. In dié verband kan inderdaad na die vroeëre Kraemer(1977:61 e.v.) verwys word met sy standpunt dat daar wel duidelike diskontinuïteit tussen die Christelike godsdiens en ander godsdienste bestaan. Verkuyl se standpunt is ook van belang. Verkuyl(1987:354 e.v.) het aangetoon dat daar ruimte bestaan om godsdienste te benader vanuit die goddelike Triniteit. Die feit dat God Skepper van hemel en aarde is, beteken dat Hy ook sy teenwoordigheid bekendmaak in die skepping as sodanig en dus ook in die godsdienste van die wêreld. Alhoewel Verkuyl nie meen dat God self werksaam was in die mense op so 'n wyse dat die openbaring suiwer openbaring van God is nie, wil hy tog bevestig dat God, Hom nie onbetuig gelaat het in die totstandkoming van byvoorbeeld die Vedas of Mohammed se ervaringe nie. Verkuyl wil egter nie die godsdienste op gelyke vlak stel sodat daar na 'n hoër konsensus gestreef kan word nie.

Oosthuizen (1978:375) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die nie-Christelike godsdienste nie as heilsmiddele aanvaar kan word nie. Hy wil steeds in dialogiese gesprek met die godsdienste verkeer maar dan vanuit die invalshoek van die Triniteit van God. Hierdie dialoog moet geskied onder leiding van die Heilige Gees. Hoër konsensus word hier dus uitgesluit.

Ten tweede moet die standpunt van Küng ontleed word. In die standpunt word gestreef na wêreldekumene onder die godsdienste. Van der Merwe (1985:518) toon aan dat daar inderdaad die moontlikheid bestaan vir 'n godsdiens om vanuit 'n refleksiewe bewussyn sy eie religieuse en filosofiese en ideologiese ondertone te beoordeel en so uit te reik na die ander godsdiens. Küng se poging beteken dat daar gestreef word na die gemeenskaplike en

na eenheid. Daar kan groot waardering vir die eerlikheid waarmee Küng die onderneming aanpak wees. Die godsdienste word nie vanuit 'n gepostuleerde standpunt ontleed nie, maar vanuit die eie aard van elkeen afsonderlik. Dit beteken dat ook godsdiens nuwe betekenis en nuwe inhoud verkry.

Anderson (:93) toon egter in dié verband aan dat Christus self die een is wat die beslissing oor godsdienste vel. In die lig van sy heerlikheid as opgestane Here moet alle ander godsdienste beoordeel word. Hierdie Christosentriese benadering kom ook voor by Stephen Neill (1970:12 e.v.) wat oordeel dat al die godsdienste in die lig van God se Seun Jesus Christus, beoordeel moet word. Met so 'n uitgangspunt word die benadering van Küng tog as onvoldoende beskou.

Wat Bosch betref, staan dialoog op die voorgrond. Daar kan uiteraard groot waardering vir die standpunt wees dat Christelike getuienis broos is en in nederigheid gebring word. Ten spyte van sy erkenning dat die boodskap van die evangelie in swakheid en broosheid gebring word, wil hy dit tog duidelik stel dat getuienis moontlik is. Du Preez (1990:202) toon oortuigend aan dat Bosch nie genoeg aandag gee aan die boodskap van verlossing in die evangelie nie. Die Christen word juis volgens Du Preez (:202) geroep tot diens vanweë die feit dat hy deur God bestem is vir verlossing. Dit beteken dat ware verlossing alleen maar in Christus gevind kan word. Bosch verruim egter die betekenis van die verlosssing en van God se sending in die wêreld. In dié verband is daar deur Hastings (1990:276) redes verskaf vir die verruiming van die verlossingsboodskap in sy hantering van die rol van Melgisedek. Die betekenis van die oproep tot versoening soos deur Paulus geformuleer, word egter misgekyk. Bosch laat dus nie genoeg ruimte vir die aanspraak van die Christelike evangelie dat daar geen ander evangelie is nie. Versoening word verruim om in die dialoog betrek te word in die poging van die godsdienste om by mekaar aansluiting te vind.

Die "creative tension" waarin die sending bestaan, beteken dat daar in 'n sekere sin ook nie meer duidelikheid is oor die besondere betekenis van die kerk en die boodskap van verlossing in Christus nie. Bosch wys die standpunt van die "evangelicals" tereg af omdat dit eensydig en triomfalisties is, maar die gevaar bestaan dat die aanspraak van die evangelie ook nie genoegsaam erken word nie. Verreken Bosch genoegsaam dat daar volkome verlossing is in Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het?

Kritzinger (1991:220) open 'n nuwe perspektief op dialoog. Hy bevestig dat dialoog vanuit die hoek van bevryding beoefen moet word. So word dialoog betrek by die bevryding van die onderdrukte. Bosch is geneig om

die aspek van sending ook te betrek. So word die gemeenskaplike in bevryding voorop gestel.

Dit is ook betekenisvol dat Parrinder (1972: 51 e.v.) meen dat die feit dat godsdienste nouer skakel, sal lei tot hernude erkenning van die waarde van godsdiens en van hulle betekenis vir mekaar. Dit beteken nie dat alle verskille misgekyk word nie: "There may be parallels which never meet, or there may be real borrowing, sharings or suggestions." In die ondersoek van die geskrifte van wêreldgodsdienste kan die dialoog opnuut gevoer word (:52). Bosch sal hierby beslis aansluiting kan vind. Die verskille in godsdienste sluit mekaar nie uit nie.

In dié verband is dit goed om ook die standpunt van J.H. Smit te betrek. Hy stel dit duidelik dat daar geen sprake van aanknoping van die Christelike evangelie by ander godsdienste kan wees as dit die mens se eie vermoëns betrek nie. "God se openbaring kom altyd geskonde en verwronge anderkant uit nadat dit deur die mens se gees, die fabriek van afgode, onderdruk en omgekeer is" (1993:7). Die mens moet volgens hom altyd bewus wees dat alle prediking voortdurend korrigerend, antiteties, aanvullend en afbrekend sal werk in die godsdienstige verwysingsraamwerk en begripswêreld van die nie-Christen. Smit vind egter wel die moontlikheid tot aanknoping in die openbaring van God (:7). Agter die godsdienstige wêreld en begrippe staan God, en daarby kan wel aangeknoop word(:7). Hiermee open Smit die weg vir 'n bepaalde vorm van dialoog waarin die openbaring van God as gemeenskaplike faktor gevind word. Die verskil met Bosch is egter duidelik daarin dat die nie-Christelike godsdiens as sodanig steeds as afvallig beskou word en die dialoog die bekering van die persoon ten doel het.

Wat die Missio Dei betref, is 'n belangrike bydrae deur Horst Bürkle (1977:137) gelewer. Hy toon aan dat die Missio Dei die deure open vir die bevestiging dat die Christelike evangelie uniek en betekenisvol in die wêreld is. Bosch se standpunt word dus deels bevestig, maar ook bevraagteken. Bürkle meen dat die Missio Dei nie die wye dialoog veronderstel nie. So 'n wye spektrum mis die essensiële betekenis van die Missio Dei naamlik dat God self in Christus die verlossing bied.

Alhoewel J.H. Bavinck (1964:186) die besondere betekenis van die kerk bevestig, wil hy daarmee juis die uniekheid en afsonderlikheid van die Christelike evangelie bevestig. Om dus die kerk as alternatiewe gemeenskap te beskou, beteken nie dat die boodskap van die evangelie as boodskap van verlossing in Christus alleen bevestig word nie.

Samevattend moet daarop gewys word dat godsdiens as verskynsel in die

wêreld voorkom. God het in sy skepping vir die mens die vermoë gegee om te glo. Die mens ontdek dus nie geloof in 'n opperwese self nie, maar het dit van God ontvang. Die vraag waarom dit egter gaan, is wat die rigting van die hart is. Waarin word geglo en waarop word gehoop? In die Christelike godsdiens moet die geloof gerig word op God Drie-enig wat die verlossing in Jesus Christus bewerk het. Hierdie geloof het dus 'n duidelike saligmakende effek. In die ander godsdienste is die geloof egter afvallig, nie op Christus gerig nie en beteken dit ook dat daar nie van 'n saligmakende en verlossende geloof sprake is nie. Die rigting van die hart is op die valse gode gerig. B.J. Van der Walt (1994:15) skryf: " Religieë is dus *nie gelyk* (in die sin van *dieselfde* en van gelyke *waarde*) nie - nie eers in hulle sogenaamde kern nie. Die Christelike geloof, op die Woord van God gegrond, is 'n *unieke* heilsweg wat in geen ander godsdiens aangetref word nie!"

## 4 RIGLYNE

4.1 Elke godsdiens is wel uniek. Die werklikheid leen hom tot die besef dat godsdienste uniek en onherleibaar is. Die volle betekenis van die uniekheid van elke godsdiens moet verstaan word en in die gesprek erken word.

4.2 Die essensiële vraag waarom dit steeds gaan, is die vraag na versoening met God. Godsdiens word ongeloof as dit nie versoening met God in die sentrale plek stel nie. Wanneer dit nie duidelik blyk dat versoening moontlik is in die verhouding met die lewende God nie, word die betekenis van godsdiens verduister. Versoening is in Christus moontlik. Versoening is deur Hom bewerk (2 Kor 5:11-21.).

4.3 Die aard van die versoening wat bewerk is, het egter ook besondere betekenis vir die godsdienste. Christus het vir almal gesterf en ook sy genade universeel uitgestrek (2 Kor.5:15,19). Hierdie universele genade van Christus wek ons op tot nuwe geloof en tot oortuiging van 'n nuwe lewe met God. Dit beteken dat vanuit die versoening 'n appèl gemaak kan word dat God Hom nie onbetuig laat nie. In die ander godsdienste kan daar dus ook sprake wees van afwagting op die openbaring in Christus. Daar is dus 'n sekere toegeneëntheid tot die versoening uit vrye genade alleen. Die lig breek egter deur in Christus self.

4.4 Daar is geen twyfel nie dat die eis tot wedergeboorte (Joh. 3) en bekering (Mark 1:15) vanselfsprekend die eis van die evangelie voorop stel. Dit beteken dat die Christelike evangelie wel alle ander godsdienste onder die oordeel plaas. Dit beteken ook dat die Christelike evangelie die uiterste

uitgangspunt stel dat die heil - wat wel 'n omvattende heil is - heil in Christus is. Hy is die een wat die volkome verlossing aangebied het en die verlossing bring vir elkeen wat in Hom glo.

4.5 Daar is egter ook geen twyfel nie dat die uitsprake waarin Christus as die kosmiese Here voorgestel word, ook van die uiterste belang is en erken moet word (Kol 1:20.). Daarom is daar tog positiewe uitsprake dat Christus ook Here is oor die afvallige en sy godsdiens. Weens die kosmiese heerskappy van Christus is daar wel sprake van die lig wat deurbreek in die ander godsdienste. Hierdie lig is egter verduister omdat die godsdiens nie erken dat verlossing, alleen moontlik is in Jesus Christus as Here nie. Daarom moet erken word dat die verlossing in Christus volledig en volkome is. Hy bied die ware verlossing.

4.6 Kan daar sprake van eenheid of selfs net van aanknoping wees as in godsdiens se standpunt oor Christus skerp afwyssend is? Dit gebeur dan ook dat daar in die persepsie van Christus in (ander) godsdienste nie volledige erkenning van sy heerskappy is nie. So byvoorbeeld word die erkenning in die Islam dat Christus wel profeet is, gerelativeer deur die radikale ontkenning dat Hy die eniggebore Seun van God is.(Joh.1:1,14,18 en Joh.3:16.)

4.7 Die verlossing uit sonde as sentrale boodskap in die evangelie lei ook tot verskille met ander godsdienste. Daar moet erken word dat die verlossing in Christus volledig is. Dit sluit die hele mens in al sy verbande in (Rom.8:1,10,11,14). Dit beteken ook dat die mens inderdaad moet erken dat God die een is wat die verlossing bied. Hierdie verlossing is primêr die verlossing uit die sonde wat deur almal erken moet word en betekenis het vir almal wat glo.

4.8 Om hierdie rede is daar wel 'n oordeel oor die godsdienste van die wêreld omdat hulle nie die verlossing in Christus alleen erken nie. Barth (1975 :239 e.v.) het egter nie genoeg ruimte vir die verskyning van ware godsdiens in Christus gelaat nie. Waar Christus Homself vertoon en waar Hy mense tot erkenning van sy koningskap bring, daar is Hy ook die groot koning wat erken word vir sy groot en heerlike heil en heerskappy. Daarom dat daar duidelik deur Paulus in die brief aan die Romeine geskryf word dat die afvallige persoon deur sy godsdiens ook die waarheid verduister en onderdruk. Uit die sondige hart kom die afgode voort. In die plek van die onverganklike God word die afgode gestel (Rom.1:18-23).

4.9 Smit (1992:7) is korrek wanneer hy meen dat die openbaring, ook die algemene openbaring, mense tot 'n ontmoeting met God bring. Die gevaar bestaan egter dat vanuit so 'n standpunt die algemene openbaring oorspan

kan word. Uiteindelik bly die verlossing die geheimenis wat bekendgemaak is aan hulle wat glo. Slegs in die geloof kan ook die algemene openbaring begryp word. Die lig van die besondere openbaring, die Skrif, is nodig om te verstaan dat God ook in die algemene openbaring spreek.

4.10 Daar moet dus nie twyfel bestaan dat die verlossing in Christus volledige verlossing is nie. In Christus word die ware verlossing gebied en dit moet bely word in ware geloof. Daarom bly die dringende oproep: "Laat julle met God versoen!" steeds weerklink.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE


ANDERSON JND
1970. *Christianity and comparative religion*. London: Tyndale Press.

BARTH K
1975. Die Kirchliche Dogmatik. Band 1/2. *Die Lehre vom Wort Gottes*. Zürich: Theologische Verlag.

BAVINCK JH
1964. *Bijbel en kerk: Religies en wereldbeschouwingen in onze tijd*. Groningen: J.B. Wolters.

BOSCH DJ
1976. *Teologie van die godsdienste*. Sending en godsdienswetenskap MSR 303 Gids 1. Pretoria: Unisa-publikasie.

BOSCH DJ
1979. *Heil vir die wêreld: Die christelike sending in teologiese perspektief*. *Pretoria*. NGKB.

BOSCH DJ
1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis.

BURI F LOCHMANJM & OTT H
1976. *Dogmatik in dialog*. Band 3. *Schöpfung und Erlösung*. Gütersloh: Gerd Mohn.

BÜRKLE H
1977. *Einführung in die Theologie der Religionen*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

DU PREEZ J
1986. Perspektief op die vyftiende internasionale kongres vir godsdienswetenskap te Sydney, Australië, Augustus 1985. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 27(1):86-93

DU PREEZ J
1990. David Bosch's theology of religions: an exercise in humility. *Missionalia.* 18(1):195-204.

HASTINGS A
1990. Your High priest, Melchisedek. *Missionalia.* 18(2):271-276.

KRAEMER H
1977. *The Christian message in a non-Christian world.* Grand Rapids, Mich.:Kregel.

KRITZINGER JNJ
1991. A contextual Christian theology of religions. *Missionalia.* 19(3):215-231.

KÜNG H & VAN ESS J
1986. *Christendom en wereldgodsdiensten: Wegbereider tot de dialoog met de Islam, het hindoeisme en het boeddhisme, 1. Islam.* Vert Ger Groot. Hilversum: Gooi en Sticht.

KÜNG H
1986. What is the true religion? Toward an ecumenical criteriology. *Journal of theology for Southern Africa.* 56:4-23.

KÜNG H
1988. *Theology for the third millennium*: An ecumenical view. Vert. Peter Heinegg. New York: Doubleday.

LUBBE G
1986. Christians, Muslims and Liberation in South Africa. *Journal of theology for Soutern Africa.* 56:24-33.

LUBBE G
1986. The study of religion and inter-faith dialogue. *Religion in Southern Africa.* 7(2):27-37.

NEILL S
1970. *Christian faith and other faiths: The christian dialogue with other religions.* 2de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

OOSTHUIZEN GC
1978. *Godsdienste van die wêreld.* Pretoria. NGKB.

OTT H
1981. *Die Antwort des Glaubens: Systematische Theologie in 50 Artikeln.* Berlin: Kreuz.

OTT H
1982. *Ongepubliseerde klasaantekeninge.*

PARRINDER EG
1972. Christian theology and two Asian faiths. In: Bowman, J. 1972. *Comparative religion: The Charles Strong trust lectures. 1961-1970.* Leiden: E.J.Brill.

PROZESKY M
1991. The challenge of other religions for christianity in South Africa. *Journal of theology for Southern Africa.* 74:35-45.

SMIT JH
1992. 'n Dubbele fundering van die sending of die vraag na die aanknopingspunt, in Verster P. (red). *Sendingprobleme opnuut bekyk.* Bloemfontein Sinodale kommissie vir sending en evangelisasie van Ned. Geref. kerke in OVS.1-7.

VAN DER MERWE PJ
1985. Die godsdienswetenskaplike aspek van teologie. *Hervormde Teologiese Studies.* 41(4):511-518.

VAN DER WALT BJ
1994. *Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid-Afrika.* Instituut vir Reformatoriese studie. No. 314. Februarie. Potchefstroom: PU vir CHO.

VERKUYL J
1978. *Contemporary missiology: An introduction.* Vert. Dale Cooper. Grand Rapids. Mich.: Eerdmans.

WERBLOWSKY RJ ZWI.
1987. Perspectives on religion and the comparative study of religion (Interview). *Religion in Southern Africa.* 18(2):51-60.